# Studente kontrolelys vir WACE Taalaansoeke

Gebruik hierdie kontrolelys om alles gereed te kry voor jy begin met jou *Aansoek vir toestemming om in te skryf vir 'n WACE Taalkursus Taalaansoek*). Indien jy enige vrae het, vra jou ouer/s of voog/de, jou taalonderwyser of skooladministrasie, of jy kan die Skool Kurrikulum en Standaarde Owerheid (die Owerheid) epos by languagesenrolment@scsa.wa.edu.au. 'n omvattende Studentegids kan gevind word op die WACE Taalaansoek webblad (https://www.scsa.wa.edu.au/sirs-and-srms-info/srms-information/wace-language-applications)

## 1 Teken aan op die studente webblad

Om aan te teken op die studente webblad https://studentportal.scsa.wa.edu.au, benodig jy jou **WA studentenommer**, wat jy op jou skoolrapport/e sal vind. Dit kan ook op jou SmartRider wees. Jy benodig ook **'n persoonlike eposadres** en moet toegang kan hê tot jou persoonlike eposrekening wanneer jy jou *Taalaansoek voltooi.* Deur 'n persoonlike eposadres te gebruik is dit moontlik om eposse te ontvang nadat jy skool verlaat het, en jou skool eposadres verval het.

## 2 Opvoedkundige inligting

Jy moet die volgende opvoedkundige inligting voorsien:

- ❑ details van die skole wat jy bygewoon het vir elke skooljaar voor Pre-Primêr:
  - naam van die skool
  - hooftaal gebruik vir onderrig by die skool
  - taal/tale gestudeer (indien enige)
  - ure van taalstudie per week (indien enige)
- ❑ skoolrapport/e vir jare waar jy skool bygewoon het buitekant Australië (indien enige).

## 3 Verblyfinligting

Jy moet die volgende verblyfinligting voorsien:

- ❑ lande waar jy gewoon het
- ❑ lande wat jy besoek het/na gereis het/vakansie gehou het, insluitende die rede/s daarvoor en duur van besoek/e in die land/e. Dit sluit slegs lande in waar die taal wat gepraat word dieselfde is as die een waarvoor jy aansoek doen.

## 4 Taalkundige agtergrond

Jy moet die volgende taalkundige details verskaf:

- ❑ die eerste taal/tale wat jy geleer het om te praat
- ❑ ander taal/tale wat jy praat, lees en skryf
- ❑ die taal/tale wat jy praat met jou ouer/s of voog/de en met jou broers en susters en vriende
- ❑ die taal /tale wat jou ouer/s en voog/de praat.

## 5 Ondersteunende dokumente

Jy moet die volgende dokumente afneem of skandeer om op te laai in jou aansoek:

- ❑ voltooide *Ouer/Voog Erkennings* vorm - verpligtend
- ❑ paspoort-identifikasiebladsy - indien jy gebore is in 'n ander land of indien jy buitekant Australië gewoon het
- ❑ skoolrapport/e - indien jy 'n skool/skole buitekant Australië bygewoon het
- ❑ internasionale bewegingsrekord/s - indien jy gewoon of gereeld gereis het na lande of plekke waar die taal waarvoor jy aansoek doen gepraat word (en indien versoek deur die Owerheid).

Stoor die ondersteunende dokumente op jou rekenaar of mobiele toestel **as pdf**, **jpg**, **jpeg** of **png** lêers, met **'n maksimum grootte van 4MB vir elke lêer.** Word dokumente sal nie **aanvaar word nie** en spasies of onherkenbare karakters of simbole soos <>?!/\"*:,#%$(){}+=@ moet nie gebruik word om lêers te benoem nie.